

Die Here kom reël 'n afspraak met ons

Teks: Lukas 19: 1 - 10

Teksvers: Lukas 19: 5

1. Inleiding

Vanoggend in ons voorbereidingsdiens fokus ons op 'n bekende teksgedeelte. 'n Groot besoek aan 'n klein man, van statuur natuurlik. Want in ander apekte is die kontras ook groot in ons teksgedeelte. Jesus materieel arm tenoor Saggeus wat materieel baie ryk is. Maar hierdie rykdom is dan ook nie eerlik bekom nie, en dit is die ander kwelpunt. Saggeus as 'n berigte skelm arm in die geestelike gebied, voor Jesus wat geestelik volmaak is. Jesus is immers volkome God. Maar daar is 'n uitnodig by Jesus, 'n uitnodiging aan Saggeus.

Ons kom vanoggend hier bymekaar vir ons voorbereidingsdiens met die oog op die Heilige Nagmaal volgende week. Duidelik is ons ook besig met 'n uitnodiging vanoggend. Maar waar kom hierdie uitnodiging vandaan? En waar is ons wanneer ons hierdie uitnodiging ontvang. Laastens wat behels hierdie uitnodiging? En natuurlik gaan ons hierdie uitnodiging aanvaar en op volg. Want ons praat natuurlik van soveel meer as blote voeding in huisvesting soos ons dit ken. Ons praat van die belangrike geestelike sy van alles.

Kom ons gaan kyk wat gebeur in Jerigo en wat verander een man se hele lewe. Selfs teen die agtergrond, van 'n oorverdowende murmurering oor omgang met sondige mense. Ja selfs waar dit wat ons doen vandag, nie meer mode of gewild is nie. Kom ons luister na die bonatuurlike uitnodiging uit hierdie jammerdal uit. Want die sakrament van die Heilige Nagmaal is juis die teken van iets heeltemal groter en beter. Dit is waar die evangelie van verlossing in die sterwe en opstanding van ons Here Jesus Christus soveel meer as iets ideologies en abstrak word. Inteendeel dit is daardie stukkie geloofsbelevens wat ook die res van ons sintuie betrek.

2. Jesus kom nader

Daar is 'n beroering in Jerigo. Ons Here Jesus Christus is op pad na Jerusalem, en hierdie deurgang deur Jerigo wek groot belangstelling. Ons sien 'n skare mense in die straat, waar Jesus sou verby beweeg. Tussen hierdie mense is die hooftollenaar Saggeus. Hierdie titel van hooftollenaar verskaf nie enige aansien of status in die samelewing nie. Inteendeel, dit het juis die teenoorgestelde tot gevolg. Mense het tollenaars verag. Hulle was staatsamptenare. Maar die staat is natuurlik die Romeinse owerheid. Hierdie tollenaars het belasting

ingesamel vir die owerheid. Maar hulle was natuurlik oneerlik en korrupt. Met ander woorde skelms.

Maar hierdie spesifieke hooftollenaar het natuurlik ook nog 'n ander probleem. Hy is 'n kort man. En hier is natuurlik nie 'n paviljoen of iets opgeslaan nie. So indien daar mense voor 'n kort persoon so staan, so hy niks kom sien nie. Die een oplossing is natuurlik om te sorg dat 'n mens in die voorste ry is. Maar dit het ook 'n unieke probleem. Nabye kontak is soms iets wat juis vermy wil word. In die geval van Saggeus en Jesus is dit presies die probleem. Saggeus wil nie in die voorste ry wees nie. Veral nie in iets wat eintlik 'n geestelike geleentheid gaan wees met Jesus se teenwoordigheid nie.

Dikwels vind ons onself in hierdie presiese situasie. Ons wil nie figuurlik gesproke in die voorste ry in die kerk kom sit nie. Ons wil nie naby ampte of ander verantwoordelike posisies in die geloof bekleed nie. En soms is die selfs waar van ons Here Jesus Christus. Ons wil verlossing en die evangelie van verlossing vanuit 'n verte beskou. Maar dan sien ons vir Jesus nader stap. Ons Here Jesus Christus laat nie die uitverkorenes ver bly nie. Hy kom soek ons op. Saggeus word ook nie gelos om eenvoudig maar deel te word van 'n verbygaande skare nie. Jesus kom nader.

3. Hy kom met 'n uitnodiging

Die probleem om in die teenwoordigheid van die Heilige Almagtige Here te wees, is my swakheid. Dit gaan oor die mens se sonde in die teenwoordigheid van die verterende vuur van die Heiligheid van die Here. Dit is natuurlik presies waar vir Saggeus in ons teksgedeelte vanoggend. Wat as die gerigte oor Jesus wat hy gehoor het waar is. Want natuurlik was Saggeus bewus van sy eie sonde. Saggeus het waarskynlik gedink dat, Indien Jesus die Seun van God is, sou hy niks van sy ongeregthede kon wegsteek nie. Daarom is dit vir hom veilig hier in die boom, waar hy alles van 'n afstand af kan dop hou.

Maar die Heilige Gees het nie verniet vir Saggeus nader gelei vandag nie. En dan kom Jesus nader stop en kyk op. Hy gaan met Saggeus praat. Dit kan baie sleg uitdraai, want ons weet dat Jesus gereeld hard en duidelik met die Skrifgeleerdes en Fariseërs gepraat het. Jesus het nie geskroom om verkeerde optrede te veroordeel nie. Uiteindelik sal Saggeus met al sy geld, homself nie kon verlos uit die regverdige oordeel nie.

Maar dan sien ons vir Jesus nie met 'n oordeel nie, maar met 'n uitnodiging nader kom. Hy wil gemeenskap beoefen met Saggeus. Nabye gemeenskap. Huisvesting wat uiteraard ook maaltye sal in sluit. Dit is so 'n ongewone stap, dat ons 'n duidelike murmering onder die mense

sien. Hierdie vermenging met iemand wat nie respek vir die geboorte van die Here het nie, word nie goed ontvang deur die gemeenskap nie. Op 'n manier hoor ons ook vanoggend die uitnodiging om aan die tafel van verlossing aan te sit. Hierdie uitnodiging kom van die Here Jesus Christus self.

Verlossing is ook vir ons as sonder mense beskore. Ons hoef dit nie te gaan soek, want dit kom na ons met 'n uitnodig. Jesus kom met die brood en beker as teken van Sy liggaam en bloed en nooi ons uit.

4. Dit verander alles

Tog is die belangrike saak om raak te sien, dat Saggeus nie in die boom bly nie. Dit was nooit die doel nie. Wat hier gebeur is soveel meer as 'n blote groet en verbygaan. Wat volg is 'n nabye omgaan. En Saggeus se afklim uit die boom beteken op die einde soveel meer. Saggeus reageer deur die werking van die Heilige Gees op hierdie uitnodiging van die Here. Wat hier gebeur lyk natuurlik en gewoon vir die wêreld.

Miskien selfs 'n bietjie agterdogtig. Wil Saggeus dan nou vir Jesus ook in doen. Of wat die murmering eerder veroorsaak is Jesus se swak karakter oordeel. Die mense vra of Jesus dan nie besef dat hy nou gaan tuisgaan by 'n groot skelm nie. Slegte geselskap bederf immers goeie sedes, soos wat 1 Korinthiërs 15:33 dit ook duidelik vir

ons leer. Tog is dit presies die punt van hierdie teksgedeelte. Die geselskap en sedes bly nie sleg nie. Dit word verander, dit word hernu.

Ons sien die bewys hiervan in vers 8. Saggeus se hele ingesteldheid ten opsigte van die besittings van sy naaste verander. Hy onderneem om die helfte van sy besittings aan die armes te gee, en verder om ook vierdubbele vergoeding te gee aan mense wat hy ingedoen het. Die bewys van hierdie duidelike wedergeborenis van Saggeus sien ons in Jesus se getuigenis oor hom in vers 9. Saggeus is verlos en gered. Hy is nou deel van die verbondsvolk. Deel van die kinders van Abraham.

Ons het volgende sondag die voorreg om die tekens en seëls te kom gebruik. Dit wat aan ons bevestig dat alles verander het, ook in ons lewens. Dat ons as wedergebore kinders van die Here ook nou anders kan leef. Nuut kan leef tot eer en verheerliking van die Here. Is die afspraak waarin die Here hierdie waarhede vir ons kom bevestig nog vir ons belangrik? Of is dit maar net nog iets wat verswelg word deur 'n besige lewe vandag?

5. Slot

Ons kan vanoggend hierdie voorbereidingspreek soos volg afsluit. 'n Vriendskap met 'n ongelowige is nooit vir ons net 'n platoniese vriendskap nie. Dit is nie 'n vriendskap waarin verskeie goedmoeds geïgnoreer

word nie. Dit is 'n vriendskap met 'n agenda. 'n Agenda om die lig van die Here in hierdie persoon se lewe, ook in te laat skyn. Om die Heilige Gees die geloof te laat werk in hierdie persoon se lewe. Dit is 'n vriendskap waar liefde vir die persoon so hoog op die Agenda is, dat ons nie anders kan as om die waarheid met hulle te deel nie.

Ons het vandag die voorreg om dit te doen, omdat ons alreeds gered en verlos is. Met ander woorde omdat die Here ook hierdie agenda mens ons gehad het nie. Hy wat volmaak en volkome God is, kom na die aarde as mens. Hy kom neem ons sondes op Hom. En dan bring Hy die volmaakte offer vir hierdie sondes. Hierdie volmaakte offer is die liggaam en bloed van ons Here Jesus Christus. Dit is die voorreg wat ons volgende sondag het. Om die brood en wyn as tekens van hierdie volmaakte offer van Christus te kan gebruik. Om ook met die res van ons sintuie die goedheid van die Here te kan ervaar.

Kom ons gaan hierdie week van verootmoediging in, met 'n fokus op hierdie agenda. Eerstens waar ons vriendskappe met ongelowiges het. Maar veral ook omdat ons hemelse Vader eerstens hierdie Agenda ook met ons gehad het. Kom na die hemelse afspraak in die kerk van die Here volgende week.

Amen